**Maandag 10 Oktober**

**Skrifgedeelte: Psalm 119:1-16**
**Fokusgedeelte: Psalm 119:7-12 (1933/53- en 1983-vertaling)**

## Jongmens, loop tog oral volgens die Woord!

Ons wil so graag dat dit met ons en met ons familie en vriende goed gaan. Ons wens mekaar voorspoed en geluk toe. Ek hoop ook dat dit vandag met jou goed sal gaan.

Die digter van hierdie lang Psalm gee die beginsel aan vir so ’n goeie lewe: Dit gaan goed met dié wat wandel of lewe volgens die Woord van die Here (119:1). In die volgende verse is die nood egter dat die mens dit nie so maklik regkry om volgens die Woord te lewe nie (vs 5). Daarom gee die Heilige Gees hier die geheim weg: *Van jongs af behoort ons te wandel* (loop) volgens die Woord en gebooie van God (vs 7).

Hoe sal ’n jongmens reg lewe en gelukkig wees die res van sy/haar lewe? *“Deur hom te hou aan u Woord”* (vs 9). So antwoord die skrywer sy eie vraag namens ons en ons kinders. Daar is geen ander manier of resep vir geluk nie. Die wêreld met sy verloklikhede en kleurryke aanbiedinge gee eintlik net oppervlakkige en kunsmatige geluk. Die voorspoed en vreugde van die wêreld is kortstondig en verganklik. Dit gaan so gou verby!

Die geheim van die Heilige Gees in Psalm 119 is dat ’n skoon lewe as jy jonk is, uitloop op ’n rustige oudag en vredevolle sterfdag waarin jou rowwe jongmenslewe nie ’n gewetenslas sal wees nie. Dié soort geluk bly vir altyd.

As die waagmoed en plesiere van jou jongmenslewe jou gewete voor God besoedel en jy sukkel om daarvan vry te kom, mag jy egter weet dat Christus daar is om vir oud en jonk in te tree, omdat Hy met sy bloed vir al ons sondes versoening gedoen het.

*Sing: Psalm 119:4*

*Ds. M (Maarten) van Helden (Centurion)*